



Barack Obama
President van die Verenigde State



Benjamin Netanyahu
Premier van Israel



Pastore Tony en Susan Alamo
Tony Alamo Christelike Bediening

DIE PALESTYNSSE VERBOND

deur Tony Alamo

In die laat Bronstydperk (1500-1200 vC), het die Israeliete Kanaän binnegekom. Hulle het Palestina om en by 1400 vC verower (Masoretiese chronologie).¹ Die Palestyne was deel van Kanaän. GOD het aan Israel gesê om Kanaän (die Kanaäniete) saam met ander volke te vernietig. Indien Israel hulle nie vernietig het nie, sou almal wat hulle laat lewe het, vir hulle 'n doring in die vlees geword het.²

Die geskiedenis van die Palestyne kan nagetrek word na Kanaän, die seun van Gam. Kanaän, die seun van Gam, is die

vader van Sidon (Genesis 10:15-20) d.i. Fenisiese ras (swart mense). Het (d.i. die Hettiete), die Jebusiete, die Amoriete, die Girgasiete, die Hewiete, Fellaheen, die Arkiete (inwoners van Arka) die Siniete, die Arwadters, die mense van Tartos, die Semariërs, die mense van Sumra, die mense van Hamat, al die Kanaäniete — vanaf Sidon in die rigting van Gerar, op pad na Gasa, Sodom en Gomorra, sowel as Adma, Sebojim, Lesa en die Refaïete — was almal reuse (Deuteronomium 2:11, 20). Die Amoriete, die Emiete (reuse), die Samsummiete, Amon (of Gam) en die

kinders van Enak (of die Enakiete) was ook reuse (Deuteronomium 3:11, Numeri 13:33).³ Kanaän is die vader van al hierdie Afrika-stamme, of almal van Palestina.⁴

Die verbond, wat jy die Palestynse verbond of die verbond vir alle volkere kan noem, beteken eenvoudig dat GOD aan die Palestyne, die Arabiere, Irak, Iran, Libanon, Korea en al die volkere belowe dat die land van Israel aan Israel (die Jode) behoort!!⁵ Dit is ook die Russiese verbond, die Chinese verbond, die Noord-Amerikaanse verbond, die

(Vervolg op bladsy 2)

¹ The New Unger's Bible Dictionary (Die Nuwe Bybelwoordeboek van Unger) bl. 954 ² Eks. 23:27-33, Num. 33:53-55, Jos. 23:12-13, Rig. 2:1-5 ³ The New Unger's Bible Dictionary, (Die Nuwe Bybelwoordeboek van Unger) bl. 956 ⁴ The New Unger's Bible Dictionary, (Die Nuwe Bybelwoordeboek van Unger) bl. 956 ⁵ Gen. 12:1-7, 13:14-17, 15:7, 17:7-8, 26:1-5, 28:1-5, 10-14, 18-19, 35:10-12, 48:3-4, Eks. 6:2-4, 8, 32:13, Lev. 20:23-24, Deut. 1:8, Josh. 13:1-6, 1 Kron. 16:12-19, 2 Kron. 20:7, Neh. 9:7-8, Ps. 105:5-11

DIE PALESTYNSE VERBOND

(Vervolg vanaf bladsy 1)

Suid-Amerikaanse verbond, die Sentraal-Amerikaanse verbond en die verbond met alle nasies. Dit is GOD se verbond met Israel, Palestina, die V.S.A., Rusland, die Verenigde Koninkryk, China, die Arabiere en die wêreld!!

DIE BELANGRIKHEID VAN HIERDIE WÊRELDVERBOND.

Hierdie verbond is baie belangrik. (1) Dit herbevestig in geen onsekere terme aan Israel, dat die titelakte van die beloofde land steeds aan Israel (die Jode) behoort. Dit maak nie saak dat hulle in die verlede laat slap lê het met hulle diens aan GOD nie. GOD ken hulle harte en wat HY belowe het sal gebeur.⁶ GOD weet hulle ongeloof, sal in geloof verander:⁷ dit gebeur reeds nou! Die land behoort steeds aan Israel, volgens die belofte van GOD. (2) Wat meer is, die instelling van 'n voorwaardelike verbond, waaronder Israel toe geleef het, kon nie en het nie die oorspronklike belofte van genade betreffende die doel van GOD tersyde gestel nie. Hierdie feit is die basis van Paulus se argument as hy skryf, "GOD het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vierhonderd-en-dertig jaar later gekom het, het nie hierdie verbond ongeldig gemaak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie" (Galasiërs 3:17). (3) Hierdie verbond is 'n bevestiging en uitbreiding van die oorspronklike verbond met Abraham.⁸ Die Palestynse- of Wêreldverbond beklemtoon die gedeelte oor die land t.o.v. die verbond met Abraham. Die uitbreiding het gekom na die vrywillige ongeloof en ongehoorsaamheid in die lewe van die volk. Dit ondersteun die stelling dat die oorspronklike belofte gegee is om vervul te word, ten spyte van ongehoorsaamheid.

DIE BEPALING VAN DIE PALESTYNSE- EN WÊRELDVERBOND.

Die sg. verbond word vermeld in Deuteronomium 30:1-3, 5-9: "Wanneer al hierdie dinge, die seën en die straf wat ek jou voorgehou het, oor jou kom en jy daar

tussen al die nasies waarheen die HERE jou GOD jou verdryf het, daaraan dink en jy terugkom na die Here jou GOD en hom gehoorsaam en jy en jou kinders met hart en siel doen wat ek jou vandag beveel het, sal die HERE jou GOD jou omstandighede verander. Hy sal jou jammer kry en jou weer bymekaarmaak van oral af waarheen HY jou tussen die volke verstrooi het. [Dit het in 1948 gebeur en dit gaan vandag steeds voort.]... HY sal jou terugbring na die land toe wat deur jou voorvaders besit is en jy sal dit in besit neem...., en die HERE sal aan jou goed doen en jou meer laat word as jou voorvaders was. En die HERE jou GOD sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou GOD lief te hê met jou hele hart en met jou heel siel, dat jy HOM kan dien. Dan sal jy lewe en die HERE jou GOD sal al hierdie strawwe laat neerkom op jou vyande en op jou haters wat jou agtervolg. Dan sal jy terugkom na die HERE en HOM gehoorsaam en volgens al sy gebooue lewe wat ek jou vandag beveel. Die HERE jou GOD sal jou dan voorspoedig maak in alles wat jy aanpak en HY sal jou kinders, die aanteel van jou vee en die opbrengs van jou land baie maak, sodat dit met jou goed sal gaan. Wanneer jy die HERE jou GOD gehoorsaam en sy gebooue en voorskrifte nakom wat opgeteken is in hierdie wetboek, en wanneer jy met jou hart en siel terugkom na die HERE jou GOD, sal HY HOM weer oor jou verbly."

Wanneer ons die skrifgedeelte analiseer, sien ons dat daar sewe hoofgedeeltes rondom die doel van GOD bestaan. (1) Die volk sal uit die land verdryf word oor ontrouheid (Deuteronomium 28:63-68, 30:1-3). (2) Daar sal in die toekoms berou wees deur Israel (Deuteronomium 30:1-3). (3) Die MESSIAS sal weer kom (Deuteronomium 30:3-6). (4) Israel sal teruggebring word na die land toe (Deuteronomium 30:5). Dit het in 1948 gebeur. (5) Israel sal hulle as volk bekeer. (Deuteronomium 30:4-8, Romeine 11:26-27). (6) Israel se vyande sal geoordeel word (Deuteronomium 30:7). (7) Die volk sal ten volle geseën word (Deuteronomium 30:9).

Terwyl ek die skrifgedeelte bestudeer, sien ek 'n wye verskeidenheid beloftes

wat hier gegee word wat die doel van die verbond uiteensit (of behoort uit een te sit), nie net vir die Palestyne nie, maar vir die hele wêreld. 'n Mens moet glo dat GOD die verbond ernstig opneem en dat dit uiters belangrik is vir HOM. GOD waarborg nie net inname van die land deur Israel nie, maar verbind HOMSELF daartoe om al Israel se vyande te veroordeel en te verwyder en om aan Israel 'n nuwe hart te gee, 'n bekering soos voordat hulle die land ingeneem het.⁹

Die selfde verbond word in 'n latere paragraaf oor die geskiedenis van Israel, in 'n profesie van die profeet, Esegïël, bevestig. GOD bevestig reeds SY liefde vir Israel ten tye van haar jeug. (Esegïël 16:1-7). HY herinner haar dat sy uitverkies is en aan JEHOVAH verbind is deur 'n huwelik (vers 8-14). Sy het haar egter soos 'n hoer gedra (verse 15-34). As straf is sy verstrooi (verse 35-52). Hierdie is nie die finale uitspraak of tersydestelling van Israel nie, want hy sal herstel word (verse 53-63). Die herstel is gebaseer op GOD se belofte: "Maar EK sal die verbond weer laat geld, wat EK met jou in jou jeug gesluit het en EK sal dit altyd in stand hou. Jy sal dink aan jou gedrag en jou skaam wanneer EK jou susters vat, die een ouer as jy en die een jonger as jy, en hulle vir jou as dogters gee, al sal hulle nie deel in MY verbond met jou nie. EK sal MY verbond met jou in stand hou, en jy sal beseef dat EK die HERE is." (Esegïël 16:60-62).

Die HERE herbevestig SY verbond met Israel teenoor die wêreld en teenoor die Palestyne. By terugbeskouing van die HERE se oorspronklike belofte van dinge wat moet gebeur vir die beloftes om vervul te word — letterlik vervul te word — sien ons dat (1) Israel hulleself as volk moet bekeer.¹⁰ (2) Hulle moet weer vanaf die vier uithoeke van die aarde bymekaar gemaak word terug na Israel.¹¹ (3) Israel moet goed gevestig word in die land wat hy veronderstel is om te besit. Sy moet die oordeel van haar vyande aanskou en die aardse seëninge wat aan haar belowe is, ontvang.¹²

Hierdie verbond behoort 'n sterk invloed hê op enigiemand wat die eindtyd profesieë bestudeer. Baie van die dinge is reeds vervul. Die hele Israel is nie Israel

⁶ Gen. 17:5-8, 48:3-4, Lev. 26:40-45, Deut. 4:29-31, 30:1-5, Ps. 9:10, 105:6-11, 145:18, Jes. 27:6, Eseg. 47:13-20, Mig. 7:18-20 ⁷ Rom. 9:25-27, 11:19-24 ⁸ Gen. 12:1-3, 7, 15:7, 17:1-8 ⁹ Deut. 33:26-29, Jes. 59:18-19, Jer. 31:31-34, Eseg. 6:8-10, 11:17-20, 36:24-36, Heb. 8:10-12 ¹⁰ Sag. 12:1-10, Rom. 11:26-27 ¹¹ Jes. 11:12, Eseg. 39:23-29, Amos 9:14-15, Sef. 3:17, 19-20, Sag. 8:7-8 ¹² Gen. 12:1-3, 26:1-5, Deut. 8:18, 28:1-14, Pred. 5:19, Jes. 49:26, 66:20-24, Jer. 30:16-24, Eseg. 39:1-21, Joel 2:18-21, 3:16-21

DIE PALESTYNSE VERBOND

(Vervolg vanaf bladsy 3)

MENS is GOD, selfs van die sabbat (van rus en vervulling) (Markus 2:27-28).

Daar sal vrede in Israel wees wanneer GOD al sy vyande vernietig en dit sal baie binnekort wees!¹⁴

Daar sal vrede vir jou wees wanneer jy JESUS die Joodse MESSIAS as jou HERE en jou GOD aanvaar.

Dit sal jou ondergang beteken as jy teen HOM of SY mense veg, soos wat dit in Jerigo was.¹⁵

Aanvaar HOM deur dié gebed te doen:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁶ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁷ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹⁸ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,¹⁹ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde

en hierdie gebed.²⁰ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²⁰ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²² U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²³ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.²⁴ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁵ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁶

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁷ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²⁸

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer

inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal.3:8-12).

14 Eseg. 38:14-23, Hfst. 39, Sag. 12:1-9, Op. 20:7-10 **15** Jos. 6:2-17, 20-21, 24-25 **16** Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 **17** Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 **18** Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 **19** Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 **20** Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 **21** 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 **22** Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 **23** Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 **24** Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 **25** Heb. 11:6 **26** Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 **27** Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 **28** Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362
www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg September 2011, 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer September 2011, 2014

AFRIKAANS—VOLUME 13400—THE PALESTINIAN COVENANT